**Woensdag 22 Maart**
**Skrifgedeelte: Psalm 46:1-12**
**Fokusgedeelte: Psalm 46:2**
**Die Here, Heerser oor alle magte, is vir ons ’n skuilplek**

Waarheen vlug jy in tye van nood? In tye waar dit voel asof die storms van die lewe soos onstuimige golwe, keer op keer, sonder ophou oor jou oopbreek? Soek jy dalk redding in jouself, jou werk, jou eggenoot? Waar is jou skuilplek?

’n Skuiling is ’n plek waarheen ons gaan as ons moet vlug van iets, wanneer ons veiligheid bedreig word deur iets of iemand. ’n Mens vlug in sulke omstandighede met haas om beskerming te geniet.

“God is vir ons ’n skuilplek” (vs 2). By Hom kry ek krag en hoef ek vir niks bang te wees nie, selfs nie vir aardbewings en magshebbers nie. In sy teenwoordigheid kry ons kalmte en vrede, selfs al dreig die vyand met die dood. In sy teenwoordigheid sal jy nie wankel nie. In vers 8 en 12 word ons verseker dat Hy, die Here, Heerser oor alle magte, met ons is.

Staan vir ’n oomblik weer stil en kyk na God se skepping. Daarin sien ons iets van sy almag. Hy regeer oor alles en almal. Selfs nasies en koninkryke het gewankel, daar is by niks of niemand anders enige redding te vind nie. God bly ons enigste toevlug. Hy is by magte om enigiets te doen. Hy het selfs ’n plan gemaak met die mens se grootste nood in die geskiedenis, die sonde. Hy stuur sy Seun, Jesus Christus, om aan die kruis vir jou te sterf sodat jy kan lewe. Niks kan jou van God se liefde in Christus skei nie.

Die toevlug wat jy het, is die ewige lewe by God. Dit is ’n heerlikheid wat wag, maar wat jy ook nou reeds besit.

*Sing: Psalm 46-1:1, 6*

*Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*